| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **116/2004**
Datum gelewer: / Date delivered: **02/04/2004**

**(HOFRESES)**

In die saak van:

**DIE STAAT**

teen

**TERRESA MARETJIES**

---

## UITSPRAAK OP HERSIENING

---

**LACOCK R:**

1]Die beskuldigde, ‘n 24-jarige ongetroude vrou en moeder van twee dogtertjies van nege en twee jaar oud, onderskeidelik, is in die landdroshof van Richmond skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer deurdat sy ene mnr Vries met bierbottels gegooi het. Sy het die klaer met een bottel bokant sy oog getref wat ‘n oop wond gelaat het en waarvoor die klaer ses hegsteke moes kry. Die tweede bottel het die klaer teen die kant van die kop getref, en geen

wond veroorsaak nie.

Uit die getuienis blyk dit dat die voorval in ‘n kroeg plaasgevind het nadat ‘n stryery onder ‘n aantal vrouens, en waaronder die beskuldigde en die eggenote van die klaer, uitgebreek het. Die beskuldigde was ooglopend kwaad vir die wyse waarop die klaer se vrou haar aangespreek het, en haal sy toe haar woede op die klaer uit wat *“pool”*-bal gespeel het en nie deel van die stryery was nie.

2]Die skuldigbevinding is in orde.

3]Die landdros het die beskuldigde gevonnis tot vyftien maande gevangenisstraf wat in die geheel voorwaardelik opgeskort is vir vier jaar. Daarbenewens is die beskuldigde gevonnis tot vyftien maande korrektiewe toesig kragtens die voorskrifte van art 276 (1) (h) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, onderhewig aan ‘n reeks streng voorwaardes.

4]In antwoord op my navraag naamlik of die vonnis die beskuldigde opgelê nie skokkend swaar en onvanpas is nie, het die landdros aangedui dat sy deeglik die persoonlike omstandighede van die beskuldigde, die erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap oorweeg het. Sy het voorts verwys na twee sake waarin baie soortgelyke vonnisse ook aan eerste oortreders opgelê is en wat op hersiening bekragtig is. Ek weet nie wat die omstandighede van daardie sake is nie, maar duidelik moet elke saak op sy eie meriete beoordeel word.

5]Indien in ag geneem word dat die beskuldigde ten tye van hierdie voorval onder die invloed van drank was, sy duidelik geprovokeerd (weliswaar nie deur die klaer nie) en kwaad was, haar opvoedingspeil soos blyk uit haar taalgebruik in die Hof en haar beperkte skoolopleiding, laag is, haar persoonlike omstandhede soos hierbo geskets, en die aard van die aanranding, meen ek dat die vonnis die beskuldigde as 'n eerste oortreder hierin opgelÍ skokkend onvanpas is.

Dit moet in gedagte gehou word dat (a) korrektiewe toesig op sigself geen geringe vonnis is nie en dat die doel daarvan bestraffend sowel as rehabiliterend is (**S v Kelly, 1993 (2) SASV 492 (A)**); en (b) dat gevangenisstraf, selfs indien geheel of gedeeltelik opgeskort, in die geheel gepas moet wees as straf vir die misdaad gepleeg. In die eerste plek dus moet 'n straftoemeter hom- of haarself eers afvra of die termyn van gevangenisstraf gepas is, en eers daarna ontstaan die verdere vraag naamlik of daar omstandighede aanwesig is wat 'n gedeeltelike of algehele opskorting daarvan regverdig.

6]Myns insien sou óf gevangenisstraf van vyftien maande wat in die geheel opgeskort is, óf vyftien maande korrektiewe toesig in *casu* gepas wees, maar nie beide nie.

Die vonnis soos hierin opgelê is na my mening skokkend swaar en onvanpas.

Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen:

**A. DIE SKULDIGBEVINDING WORD BEKRAGTIG.**

**B. DIE GEDEELTE VAN DIE VONNIS DIE BESKULDIGDE OPGELÊ KRAGTENS DIE VOORSKRIFTE VAN ART 276 (1) (h) VAN WET 51 VAN 1977, (VYFTIEN [15] MAANDE KORREKTIEWE TOESIG) WORD BEKRAGTIG.**

**C. DIE GEDEELTE VAN DIE VONNIS VAN VYFTIEN (15) MAANDE GEVANGENISSTRAF DIE BESKULDIGDE OPGELÊ EN WAT IN GEHEEL VOORWAARDELIK OPGESKORT IS, WORD TER SYDE GESTEL.**

**D. DIE VONNIS WORD TERUG DATEER NA 4 FEBRUARIE 2004.**

HJ Lacock
**REGTER**